



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DANSSTUDIES
FEBRUARIE/MAART 2012

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
 - AFDELING A: Dansgeskiedenis en -teorie
 - AFDELING B: Musiekteorie
 - AFDELING C: Anatomie en Gesondheidsorg
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees die hele vraestel aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin ELKE AFDELING op 'n NUWE bladsy.
6. Laat DRIE reëls oop na ELKE antwoord.
7. Enige vrae wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.
8. Kontroleer of jy AL die vrae beantwoord het.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: DANSGESKIEDENIS EN -TEORIE

VRAAG 1

Kies EEN van die dansloopbane hieronder en gee die inligting wat volg.

choreograaf; kostuumontwerper; beligtingsontwerper;
dansonderwyser; verhoogbestuurder

- 1.1 Gee 'n posbeskrywing van die dansloopbaan (1)
 - 1.2 Watter opleiding word vereis (2)
 - 1.3 Watter vaardighede en vermoëns word vereis (2)
- [5]**

VRAAG 2

- 2.1 Noem jou hoofdansstyl.
 - 2.2 Brei uit oor VYF belangrike faktore van die oorsprong en ontwikkeling van jou hoofdansstyl. (5)
 - 2.3 Verduidelik enige VYF beginsels wat in jou hoofdansstyl gebruik word. (5)
- [10]**

VRAAG 3

Kies EEN danswerk uit die voorgeskrewe lys hieronder en gee die inligting wat volg.

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWA	DANSWERKE	INTERNASIONALE CHOREOGRAWA	DANSWERKE
Veronica Paeper	<i>Orpheus in the Underworld</i>	George Balanchine	<i>Apollo of Agon</i>
Vincent Mantsoe	<i>Gula Matari</i>	Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Alfred Hinkel	<i>Last Dance (Bolero)</i>	Martha Graham	<i>Appalachian Spring of Lamentation</i>
Sylvia Glasser	<i>Tranceformations</i>	Christopher Bruce	<i>Ghost Dances of Rooster</i>
Gary Gordon	<i>Bessie's Head</i>	Marius Petipa en Lev Ivanov	<i>Swan Lake</i>
Mavis Becker	<i>Flamenco de Africa</i>	Vaslav Nijinsky	<i>Le Sacre du Printemps</i>
Hazel Acosta	<i>Blood Wedding</i>	Paul Taylor	<i>Esplanade</i>
Carolyn Holden	<i>Imagenes/Blood Wedding</i>		

- 3.1 Noem die choreograaf en die danswerk wat jy gekies het.
 - 3.2 Beskryf die sinopsis/storie/tema van hierdie danswerk. (5)
 - 3.3 Beskryf, in detail, die dansskat wat in hierdie danswerk gebruik word en gee voorbeelde daarvan. (7)
 - 3.4 Noem die begeleiding wat vir hierdie werk gebruik word en hoe dit die stuk versterk het. (4)
 - 3.5 Verduidelik hoe die produksie-elemente in hierdie danswerk gebruik word en die simboliese gebruik/betekenis daarvan. (8)
- [24]**

VRAAG 4

Berei 'n praatjie voor vir jou mede-graad 12-leerders oor EEN choreograaf in die voorgeskrewe lys hieronder. Sluit die besonderhede wat volg by jou aanbieding in.

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE	INTERNASIONALE CHOREOGRAWE
Veronica Paeper	George Balanchine
Vincent Mantsoe	Alvin Ailey
Alfred Hinkel	Martha Graham
Sylvia Glasser	Christopher Bruce
Gary Gordon	Marius Petipa en Lev Ivanov
Mavis Becker	Vaslav Nijinsky
Hazel Acosta	Paul Taylor
Carolyn Holden	

- 4.1 Stel die choreograaf wat jy gekies het, voor.
 - 4.2 Noem waar hy/sy gebore is. (1)
 - 4.3 Verduidelik, in detail, sy/haar agtergrond, opleiding en loopbaan. (8)
 - 4.4 Wat is die besondere stilistiese kenmerke van hierdie choreograaf se werk? (3)
 - 4.5 Bespreek of/hoe die choreograaf se loopbaan tot die ontwikkeling van dans of die samelewing bygedra het. (4)
- [16]**

VRAAG 5

Beantwoord die vrae wat volg oor 'n tradisionele Suid-Afrikaanse seremoniële dans wat jy hierdie jaar geleer het.

- 5.1 Noem die dans wat jy geleer het. (1)
- 5.2 Noem die kulturele groep wat hierdie dans sou uitvoer. (1)
- 5.3 Bespreek die rede/doel waarom hierdie dans uitgevoer word. (2)
- 5.4 Kies enige DRIE van die rituele elemente wat hieronder genoem word en bespreek, in detail, hoe dit in hierdie dans gebruik word of die simboliese betekenis daarvan in hierdie dans.
- | |
|---|
| sirkel; vuur; liggaamsversiering; klank; plek/inkleding |
|---|
- (9)
- 5.5 Hoe dink jy het inheemse Afrika-dans die Suid-Afrikaanse dansbedryf beïnvloed? (2)
- [15]**

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B: MUSIEKTEORIE

VRAAG 6

Gee die betekenis van die volgende Italiaanse musiekterme:

- 6.1 Forte (1)
 - 6.2 Pianissimo (1)
 - 6.3 Adagio (1)
 - 6.4 Crescendo (1)
 - 6.5 Allegro (1)
- [5]**

VRAAG 7

- 7.1 Verduidelik maniere waarop 'n choreograaf musiek/begeleiding vir sy/haar choreografie kan kies en gebruik. Gee TWEE voorbeelde. (2)
 - 7.2 Watter rol speel musiek in dans of choreografie? (3)
- [5]**

VRAAG 8

Voltooi die twee mate musiek wat in VRAAG 8.1 en 8.2 hieronder gegee word met die ontbrekende noot/note of rusteken(s) in plekke wat met 'n * gemerk is.

Kopieer jou vier voltooide mate vir VRAAG 8.1 en 8.2 in jou ANTWOORDEBOEK.

8.1 * * *

(3)

8.2 * * *

(3)
[6]

VRAAG 9

Gee 'n verduideliking van hoe klank in instrumente in ELK van die volgende kategorieë geskep word.


aërofone; membranofone; idiofone; chordofone	[4]
--	------------

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 10

10.1 Noem die spiere/spiergroepe wat A–I hieronder gemerk is.



- 10.2 Voltooi die volgende sinne oor anatomiese aksies deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (10.2.1–10.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 10.2.1 ... is om die gewrig toe te maak of om die hoek tussen twee bene te verklein. (1)
- 10.2.2 ... is om die gewrig oop te maak of om die hoek tussen twee bene te vergroot. (1)
- 10.2.3 ... is beweging sywaarts weg van die middellyn van die liggaam af. (1)
- 10.2.4 ... is die beweging na die middellyn van die liggaam toe. (1)
- 10.2.5 ... is die sirkelbeweging wat om 'n as draai. (1)
- 10.2.6 ... beteken om die tone na die skeenbeen op te beweeg. (1)
- 10.2.7 ... is om die tone/voet te punt. (1)
- 10.2.8 ... is om die gewrig buite normale perke te strek. (1)
- 10.2.9 ... is die rotasie weg van die middellyn af. (1)
- 10.2.10 ... is die rotasie na die middellyn toe. (1)
- [19]**

VRAAG 11

Noem 10 verskillende maniere waarop 'n danser beserings in die dansklas kan voorkom. **[10]**

VRAAG 12

- 12.1 Hoe verbeter 'n goeie postuur jou dans? (3)
- 12.2 Hoe sou jy goeie postuur verbeter en in stand hou? (3)
- [6]**

VRAAG 13

- 13.1 Verduidelik, in detail, waarom dit vir 'n danser belangrik is om voor 'n dansklas op te warm. (4)
- 13.2 Wat behoort 'n opwarming te behels? (3)
- [7]**

VRAAG 14

Noem TWEE van die hooffiksheidskomponente wat deur hierdie danser gebruik word. Verduidelik, in detail, hoe elke komponent help dat die danser hierdie beweging kan volhou.

**[8]****VRAAG 15**

Skryf 'n artikel vir 'n skooltydskrif of 'n blog oor hoe Dansstudies-leerders deur stereotipering en portuurdruk beïnvloed kan word. Gee jou artikel/blog 'n titel wat die oog vang.

[10]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 150